# Hoofstuk III.

## Historiese oorsig en ontwikkeling van die leerplan van die skoolplase in Transvaal.

1. Voorgeskiedenis:

(a) Om die ideaal van egte plattelandse onderwys te verwesenlik beveel die Direkteur van Onderwys in sy verslag oor 1912 aan dat „skoolplase" opgerig sal word.[1) In 1913 is, asgevolg van die rapport van die nuwe Raad van Onderwys, dan 'n hersiene leerplan vir buiteskole uitgegee.[2) Die doel was om die leergange te vereenvoudig en om die onderwys soveel as moontlik vir groepe te organiseer. Dit moes aan die buite-onderwysers 'n uitvoerige leidraad verskaf en terselfdertyd die onderwys laat aanpas aan die plattelandse omgewing.

In 1924 het direkteur Scott,[3) wat Sir John Adamson in daardie jaar opgevolg het, gekla dat te veel leerlinge die skool na Vorm II en Vorm III verlaat. Moontlik was hierdie verskynsel reeds in 1923 die rede vir die instelling van intermediêre skole. Die Departement was genoodsaak om 'n afgeronde kursus in te stel wat korter sou wees as die bestaande tienjarige kursus. Die vraag is net of die intermediêre skool en sy leerplan wel aan 'n besondere behoefte voldoen het. Die bedoeling met hierdie skole was klaarblyklik om in die behoeftes van die leerlinge, wat nie in staat was om 'n matrikulasiekursus te volg nie, maar iets meer as die gewone laerskoolkursus verlang, te voorsien.

Uit die leerplan van die intermediêre skool blyk dit ook baie duidelik dat 'n poging aangewend is om uitgebreide laer onderwys ten koste van verdere onder-

---

1. T.O.D. Verslag 1912, 185.
2. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838-1937, 125.
3. T.O.D. Verslag 1924, 8.

wys aan te bied - 'n afgeronde kursus dus. Die meeste tyd is toegesê aan die Eerstetaal, die Tweedetaal, geskiedenis en aardrykskunde, almal laerskoolvakke, waarop net uitgebrei is. By hierdie kinders moes ook handvaardigheid aangekweek word, vandaar die praktiese vakke in die leerplan soos handwerk vir seuns en huishoudkunde vir meisies. Die vakke was beperk in aantal sowel as inhoud om sodoende 'n grondige en intensiewe behandeling moontlik te maak. Die intermediêre skool moes vir die lewe voorberei, waar die middelbare skool sou voorberei vir die Universiteitskursus.

Die leerlinge van die intermediêre skole het die naaste aan die werklike lewe soos dit daarbuite gelewe word, gestaan, daarom moes daar baie eksperimenteer word; wat wel ook moontlik was. Omdat daar geen eindeksamen was nie kon die proefneming onbelemmerd voortgaan.

Hier was dan nou 'n kans om die idees van Dewey, Kerchensteiner en ander hervormers in die praktyk te toets want baie werk kon in die werkkamer of laboratorium gedoen word, ook kon daar baie tyd bestee word aan buitemuurse aktiwiteite.[1] By die kinders moes in dié tyd 'n besef van verantwoordelikheid, selfvertroue en eiewaarde gekweek word en moes hulle geleer word om inisiatief aan die dag te lê. Direkteur Adamson ag dit dan ook nodig om by die totstandkoming van die intermediêre skole te waarsku dat die sukses van die skole nie gou gesien sou kon word nie.

Die leerplan van die intermediêre skole het heeltemal gepas by die doel van hierdie skool. Dit het die kerngedagte van onderwys bevat. As ons egter die leer-

---

1. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838-1937, 142.

plan vergelyk met die wat later in juniorhoërskole, wat intermediêre skole heeltemal vervang het, gebruik is, is die gebreke baie duidelik. Vakke soos snelskrif, tikskrif, boekhou en bedryfsleer het hier ontbreek, terwyl baie van die werk wat deur die intermediêre skool gedoen is net sowel deur die ambagskole en tegniese hoërskole, wat destyds onder Provinsiale beheer was, gedoen kon word.

In die leerplan van die intermediêre skool word ook 'n duidelike stedelike karakter openbaar. Ons kan dit egter nie anders verwag nie, aangesien die meeste intermediêre skole tot die stedelike gebiede beperk was. Dit is dan ook die rede waarom die inspekteur van landbouonderwys tevergeefs gepleit het vir groot getalle intermediêre skole op die platteland en vir 'n leerplan met landbou as hoofvak.[1)]

Die leerplan van die intermediêre skole van Transvaal moet as voorloper van die leerplan van die skoolplase beskou word. In 1923 reeds is die volgende leerplan vir die intermediêre skool voorgeskryf:[2)]

Engels laer; Afrikaans hoër;

Handearbeid vir seuns

Huishoudkunde (kook, was, naaldwerk en die bestuur van die huishouding) vir meisies.

Wetenskappe - Matesis, en tekene (nie as onafhanklike vakke nie maar as voortvloeiend uit handearbeid, huishoudkunde en wetenskappe).

Geskiedenis en aardrykskunde.

Godsdiens en sedelike onderwys sou die grondslag vorm van alle skoolwerk.

---

1. T.O.D. verslag 1925, 87.
2. T.O.D. Verslag 1922, 14.

In 1925 stel die British Board[1] of Education ondersoek in oor die opvoeding van die Adolessent. Die bevindinge van hierdie ondersoek is in 1926 deur die Transvaalse Onderwysdepartement versprei. Hierdie bevindings handhaaf veral drie grondslae, naamlik:

(i) Dat die leerplan 'n eenheid is wat geheel beplan moet word, om sodoende te verhoed dat dit vir sommige vakke te vol word.

(ii) Belangstelling en akkuraatheid moet tot hulle reg kom.

(iii) Lokale omstandighede moet in aanmerking geneem word.

Hulle leervakke vir die intermediêre skool kom grootliks ooreen met die van die Transvaalse intermediêre skole en sluit die volgende in:[2]

Godsdiensonderrig, Engels, geskiedenis, aardrykskunde, moderne vreemde taal, wiskunde, wetenskap, tekene, toegepaste kuns, praktiese onderrig (handearbeid, naaldwerk, huishoudkunde en tuinbou),
musiek liggaamsopvoeding en spele.

Dit is dus baie duidelik uit die voorafgaande, dat Transvaalse leerplanne ook tred gehou het met beskouinge ook afkomstig uit die buiteland. Die leerplanne van die intermediêre skole was nie 'n geisoleerde onderwysbeskouing wat hier toegepas is nie.

Die korter kursusse by die intermediêre skole, later juniorhoërskole, was ingestel om voorsiening te maak vir die 60% leerlinge wat nie tot by matriek kon kom nie. Daar moes afwisselende leerplanne wees,

---

1. Verslag British Board of Education 189-246.
2. Verslag British Board of Education 189-246.

leerplanne waarin die praktiese werksaamhede van die omgewing weerspieël sou word - werksaamhede waarby die werkbank, die laboratorium - ja selfs die praktiese lewe die probleem sou verskaf wat 'n uitgangspunt kon word in die klaskamer  Daar moes indiwiduele werk en -ondersoek wees, om inisiatief en verantwoordelikheid aan te kweek.

Oral was daar 'n aanvraag na landbou in die leerplan. Landbou as beroep is nie alleen 'n probleem van die platteland nie, maar ook van die dorp en stad. Dit is 'n maatskaplike sowel as 'n ekonomiese probleem omdat dit om maatskaplike redes so broodnodig geword het om die stroom van die platteland na die stede te keer. Ook was die vraag, hoe om die leerlinge die beste voor te berei vir die groot landbounywerheid, wat die ruggraat van die vinnigontwikkelende land van ons op nywerheidsgebied vorm. Landbou kon as vak by die bestaande hoërskoolleerplan gevoeg word, maar dit sou moontlik in die stede net so ontuis wees as 'n mielieplant in 'n blomblik.

Die aangewese plek sou dus die juniorhoërskole wees, wat landbouonderwys op die voorgrond kon stel. Houtbewerking, metaalwerk, tekene en die beginsels van natuur- en skeikunde moet almal aan die landbouwerksaamhede ondergeskik gemaak word. Die uitgangspunt van die leerplan van elke skool moet gesien word in die plaaslike probleme tenopsigte van die landbounywerheid wat aan so 'n skool eie is in sy afsonderlike vertakkings, soos die veestapel, koring, tabak, sitrus, katoen ensovoorts. Proefgronde, werkplase vir skrynwerk en smidswerk onder deskundige toesig, is absolute vereistes. Die probleem van terrein vir proefgronde behoort nie onoorkomelik te wees nie, aangesien sulke gronde nie noodwendig by die skool hoef te lê nie, maar op enige bekombare afstand

want 'n gedeelte van die daaglikse program sou net op die proefpersele afgehandel word.

Op die plase is hierdie gedagte verantwoordelik vir die skoolplase waar die plaas die proefgronde sou vorm met klaskamers, werkplase, en 'n laboratorium. Die organisasie van so 'n kursus en die uitwerk van die leerplan sou aan 'n organiseerder van landbouonderwys opgedra moes word.

In die jaarverslae van 1928 word die menings van verskillende inspekteurs oor die intermediêre skool gegee. So gee inspekteurs Robb en Mills as een van die redes[1] vir die vermindering van leerlinge by intermediére skole dat die ouers meen dat die leerplan te moeilik is aangesien die kursus vir standerd VII die van standerd VI met meer as 'n jaar voor is; hulle meen egter dat die kritiek onbillik is en dat met die bestaande leerplan aangegaan moet word.

In 1925 word die tegniese hoërskole bloot om finansiële redes oorgedra na Unie-Onderwysdepartement . Hoewel sedert dien 'n sterk agitasie op tou gesit is vir die intermediêre skole, vind ons dat daar in 1931 slegs vier bestaan en nie een van die vier het in die leerplan voorsiening gemaak vir die begeerde landbou-onderwys nie.

(b) Die Onderwyskomitee van 1928:

Die Uitvoerende Komitee het besluit om aan 'n komitee op te dra om die bestaande leerplanne te ondersoek en verslag uit te bring. Die opdrag was onder andere:[2] Dat die bestaande kurrikulum sodanig georganiseer word dat 'n doeltreffende kursus en een wat sig

---

1. T.O.D. Verslag 1928, 47.
2. Verslag van Onderwyskomitee van 1928, 8.

sal aanpas by die behoeftes van die volk, daargestel sal word tot en met Standerd VIII. By hierdie stadium sou 'n Departementele toets ingestel word wat beskou sal word as die eindeksamen vir volksonderwys. Die voltooiing van Standerd VI sal die horisontale skeidslyn wees tussen laer- en hoërskole.

Na voltooiing van Standerd VIII sal die leerlinge die keuse hê tussen (i) 'n tweejarige kursus met die oog op beroepsonderwys gevolg deur 'n interne eindeksamen; of (ii) 'n twee- of driejarige kursus met die oog op toelating tot die Universiteit, gevolg deur 'n eindeksamen gedeeltelik onder eksterne beheer.

Die komitee beveel dan aan[1)] dat alle leerlinge wat verder as Standerd VI gaan, onderrig moet ontvang volgens 'n gemeenskaplike sillabus, of volgens 'n sillabus met 'n gemeenskaplike basis. Dit maak nie saak of hulle net tot Standerd VIII wou gaan nie, of wou deurdruk matriek toe nie. Dieselfde kursus sou vir Standerds VII en VIII gevolg word by die intermediêre skole as by die bestaande middelbare skole Dit sou dan 'n reorganisasie van die intermediêre skool meebring, sodat dit nie net 'n laerskool met 'n uitgebreide tweejarige kursus sou wees nie, maar ook die status van 'n middelbareskool sou hê.

Die komitee beveel gevolglik aan dat die naam „intermediêre" afgeskaf word en vervang word deur „juniorhoërskool". Omdat dit middelbare onderwys sal verskaf is hulle hoërskole en junior omdat die kursus net tot Standerd VIII sal gaan.

Die komitee is ook ten gunste van 'n Departementele eksamen.[2)] Sukses in hierdie eksamen sou 'n

---

1. Verslag van Onderwyskomitee 1928, 13.
2. Ibid., 12.

leerling in staat stel om sy studies aan 'n hoërskool voort te sit waar hy na twee jaar die middelbareskool-sertifikaat (matrikulasie) kan behaal. As dit sou gebeur moes die Departement toesien dat die gehalte van die werk van die juniorhoërskool en die hoërskool gelykwaardig is.

In die jaarverslag van 1930[1] behandel Direkteur Hoogenhout die verslag van die Onderwyskomitee van 1928 breedvoerig. Die skepping van 'n nuwe skooltipe naamlik die juniorhoërskool ondersteun hy baie sterk. Hy skryf dan ook die mislukking van intermediêre skole toe aan:

(i) Gebrek aan vertroue in hulle geskiktheid en die gehalte van hulle leerplanne en prestasies;

(ii) Die gebrek van inskakeling by die middelbare onderwysstelsel van die Provinsie, ~~toe~~.

Hy meen dan dat die juniorhoërskool hierdie gebrek uit die weg sal ruim. Dit moet die onderste grens as Standerd V of VI hê, al na gelang die ondervinding leer - en moet streef om die vertroue te wen ten einde weg te doen met 'n sterk oorsaak wat op die oomblik die sukses van die stelsel as geheel teëhou. Direkteur Hoogenhout huldig egter die sienswyse[2] dat die bestaande intermediêre skole oorgeskakel kan word tot juniorhoërskole maar 'n stelsel van sentralisasie toegepas sal moet word, omdat die Provinsie nie in staat is om 'n aansienlike aantal klein skole op so 'n duur grondslag te bekostig nie.

2. <u>Die leerplan vir die Skoolplase:</u>

Met die stigting van skoolplase in 1934 is hulle aangewys op 'n leerplan volgens die patroon van die juniorhoërskole. Die leerplan wat vir hierdie skole

---

1. T.O.D. Verslag 1930, 10-11.
2. Ibid., 11.

ontwikkel is op aanbeveling van die Onderwyskomitee van 1928 sou ook die skoolplaasleerplanne vorm. Die leerplanontwikkeling van die juniorhoërskole is dan ook identies met die van die skoolplase.

Die leerplan van die juniorhoërskole en dus ook van skoolplase by stigting, was in ooreenstemming met die voorstelle van die Onderwyskomitee van 1928, naamlik:[1] Dat die leerplan uit twee dele sou bestaan. Die eerste deel moet bestaan uit vakke wat in elke skool geleer moet word. Die tweede deel moet bestaan uit vakke met betrekking waartoe 'n keuse toegestaan word. Daar moes in elke skool voorsiening gemaak word vir die onderwys van Bybelsegeskiedenis, hoewel die komitee van mening is dat 'n leervak van hierdie aard nie deur 'n formele eksamen ondersoek moet word nie, want dit sal eerder daardeur in belangrikheid verloor as wen in sy hoedanigheid as hoofvak van die skoollewe.

Die leerplanne van 1934 maak dan ook voorsiening vir die twee groepe vakke. Dit was as volg saamgestel:[2]

<u>Groep I (Verpligte vakke)</u>

(a) Afrikaans of Nederlands of Engels op die hoër graad
(b) Die tweede offisiële taal op die hoër of laer graad of 'n ander taal uit groep II.
(c) Matesis.
(d) Algemene wetenskap.

<u>Groep II (Opsionele vakke).</u>

(i) Hoofvakke: (a) Engels of Afrikaans op die laer graad.

---

1. Verslag Onderwyskomitee van 1928, 11-12.
2. 1934 Leerplan, 7 - 8.

(b) Latyn.

(c) Frans.

(d) Duits.

(ii) Byvakke: (e) Musiek- gehooroefening en teorie.

(f) Tekene en kuns.

(g) Handwerk.

(h) Huishoudkunde.

(i) Boekhou en bedryfsleer.

(j) Aardrykskunde.

Geen kandidaat word toegelaat om sowel Nederlands as Afrikaans vir die eksamen te studeer nie en ook nie die hoër en laer vraestelle in een van die offisiële tale nie. Al die vakke van Groep I is verpligtend en daarby ook een hoofvak of twee byvakke van Groep II.

Twee byvakke word as een volle vak - gelykstaande aan 'n hoofvak en die punte vir die twee byvakke sal saamgetel word.

Ons sien in die leerplan die tweeledige doel van die Transvaalse juniorsertifikaateksamen wat voorsiening vir twee verskillende soorte leerlinge moes maak naamlik:

(i) Die leerlinge wat na Vorm III (Standerd VIII) die skool verlaat en die sertifikaat as bewys van die peil van ontwikkeling wil hê.

(ii) Diegene vir wie die sertifikaat as erkenning van bevoegdheid toelating tot die hoërskool moes verskaf vir Standerd IX.

Dit is uitdruklik aan die hoofde van skoolplase te kenne gegee dat hulle die volle vryheid het om af te wyk van die stereotipe leerplanne na gelang van omstandighede.[1] Die hoofde is die versekering gegee dat die

1. T.O.D. Verslag 1936, 167.

eksaminatore hulle vraestelle volgens die gewysigde-leerplanne sal opstel. Sodoende wou die Transvaalse Onderwysdepartement gesonde gedifferensieerde leerplanne vir skoolplase, wat organies sou ontwikkel sonder die ontwrigting van die skoollewe, daarstel.

Die Direkteur het aan die publiek die versekering gegee[1] dat die pad „matriek-toe" nie deur die skoolplase, en veral nie deur die gewysigde leerplanne afgesny sal word nie, omdat sorg gedra sal word dat die alternatiewe leerplanne, hoewel verskillend van inhoud, gelykwaardig aan en van dieselfde status as basis vir verdere studie as die gewone leerplanne sal wees.

**Vir** die leerlinge wat onder gewone omstandighede nie verder as Standerd VI sou gaan nie, skep die skoolplaas die geleentheid vir veelsydige kontakte, intellektueel, sowel as prakties, wat daartoe behoort te lei dat elke leerling, sy natuurlike aanleg vir een of ander beroep sal ontdek.[2] Dit sou dan van die juniorhoërskool verskil, nie alleen ten opsigte van die ruimer fasiliteite wat dit aanbied ~~nie~~, soos huishoudkunde, houtwerk en metaalwerk en boerdery nie, maar veral ten opsigte van die atmosfeer van werklikheid waarin die leerlinge werk en leef.

Daar sou 'n karakteristieke verskil tussen die skoolplaas en die juniorhoërskool wees in die wyer omvang van belange wat deur die plaas aangebied word, om sodoende 'n voorkeur vir die landbou by die kind te skep. Dit is 'n omstandigheid wat met die verloop van tyd mag lei tot die opstel van 'n eie leerplan wat spesiaal daarop ingerig sal wees om aan die behoeftes van die platte-

---

1. T.O.D. Verslag 1936, 13.
2. Venter : Die skoolplaasstelsel in die Transvaal, 9.

landse gemeenskap te voldoen.

Dit wil egter voorkom of die hoofde van die skoolplase krampagtig vasgehou het aan die leerplanne wat die deur vir verdere studie, dit wil sê na „matriek-toe", oopgehou het. So vind ons dat toe die leerplan wat in 1938 uitgegee is vir juniorhoërskole in 1940 in werking getree het, die skoolplase ook maar weer dieselfde leerplanne gevolg het.

Hierdie leerplan het die volgende indeling van vakke onder drie groepe gehad.[1)]

Groep I.

(a) Een van die offisiële tale op die hoër graad.

(b) Die ander offisiële taal op die hoër of laer graad, of in spesiale omstandighede 'n ander moderne taal wat deur die Direkteur goedgekeur moes word.

(c) Rekenkunde.

Groep II.

(a) Algemene wetenskap.

(b) Geskiedenis.

Groep III:

(a) Boekhou.

(b) Landbou.

(c) Huishoudkunde.

(d) Kuns.

(e) Frans.

(f) Aardrykskunde.

(g) Algemene wetenskap (as daarvoor nie in Groep II ingeskryf is nie).

(h) Duits.

(i) Geskiedenis (as daarvoor nie onder groep II ingeskryf is nie).

---

1. 1938 Leerplan.

(j) Latyn.

(k) Handwerk.

(l) Matesis;

(m) Musiek.

(n) Fisiologie en gesondheidsleer.

(o) Snelskrif.

(p) Tikskrif.

(q) Enige ander taal of vak spesiaal deur die Direkteur goedgekeur.

Elke kandidaat moes vir sewe vakke inskryf, naamlik drie vakke van Groep I, een uit Groep II en drie uit Groep III. Nie meer as vier tale of meer as twee wetenskaplike vakke is toegelaat nie. Ook was dit nie toelaatbaar vir kandidate om vir sowel die hoër as die laer vraestelle in een van die offisiële tale in te skryf nie.

Al vak wat hierdie leerplan nou ten behoewe van die skoolplase spesiaal aangebied het was landbou. Dit sou die skoolplase in staat stel om die voorkeur vir boerdery of landbou by die kind te wek waarvoor hulle van die begin af so geywer het. Die skoolplase het egter, sonder uitsondering die leergange vir landbou gevolg wat vir al die skole tot Standerd VIII voorgeskryf is. Dit is vanselfsprekend dat die skoolplase met hulle pragtigingerigte plase, fasiliteite geskep het wat landbou tot een van die nuttigste vakke kon uitbou. Veral as ons in aanmerking neem dat die skoolplase hulle leerlinge, uit die plattelandse boerebevolking getrek het, sou ons verwag, dat praktiese landbou 'n vername plek op die rooster sou kry. In 1942 vind ons egter slegs twee van die agt skoolplase, wat van die reg van afwyking op die stereotipe leerplanne gebruik gemaak het, en 'n leergang in landbou saamgestel het, wat eie was aan die omgewing -

'n leergang wat die beste benut sou kon word, omdat dit uitgebou is met plaaslike omstandighede en proefnemings as agtergrond.

Dit is opmerklik dat sommige skoolplase in 1942 nog gladnie landbou as vak aangebied het nie.[1] Die skoolplase is nou wat leerplan en beleid betref beskou as junior-hoërskole, en die name van skoolplase is dan ook sodanig verander dat die woord „juniorhoërskool" inbegrepe was in die naam.

(b) Dit sal egter goed wees om na te gaan wat oud-direkteur Adamson,[2] na 'n besoek aan die skoolplase in 1937 beskou het as die leerplan vir skoolplase. Hy meen die skoolplaasleerplan moet meer veelsydig wees as die gewone middelbare kursus en dit moet so kultureel moontlik wees.

Dr. Adamson deel dan die leerplan wat hy voorskryf, op in twee kursusse, naamlik praktiese en teoretiese kursusse.

<u>Die praktiese kursusse</u> - die huishoudelike behoeftes van die inrigting, die aard van die grond en klimaat, en die soort boerdery wat geskik is vir die distrik waarin die skoolplaas geleë, is moet die deurslag gee. Dit sal wissel van veeboerdery tot tuinbou en vrugteverbouing. Die spesiale vak waarop elke skoolplaas hom sal toelê, sal op natuurlike wyse ontwikkel.

<u>Die teoretiese kursusse</u> - Wetenskapkursusse moet direk en onmiddellik in verband staan met die praktiese veldwerk. Die teorie moet inderdaad uit die praktiese werk ontstaan. Daar sal toepaslike dele van landbou-

1. Antwoorde op vraelys aan skoolplase (as bylae aangeheg).
2. T.O.D. Verslag 1937, 152-154.

kundige botanie, veeteelt, tuinbou, insektekunde, pluimveeboerdery en byeteelt wees. Die groentetuin behoort te dien as uitgangspunt vir menige les oor akkerbou, ontkieming, besproeiing en bemesting. Dit sal selektief wees - 'n onderwerp sal hier en daar gekies word en sal nie, soos in die geval van 'n suiwer wetenskapkursus, so intrinsiek-samehangend wees nie. Die vernaamste beginsel wat in aanmerking geneem moet word wanneer onderwerpe gekies word, is die biologiese idee van die lewendige verhouding tussen plante of diere en hulle omgewing.

Die praktiese opleiding moet, behalwe veldwerk, versorging van diere en ander plaaswerk, ook houtwerk, metaalwerk, gewone smidswerk en loodgieterswerk insluit, sodat die leerling eendag in staat sal wees, om allerhande werke op die plaas te doen.

Die meisies moet sodanige hulp in verband met veeteelt, landbou, vrugte, groente en ander soorte verbouings, soos tabak, ontvang as wat geskik is vir hulle. Hulle kan ook toesig hou oor blombeddings en sierpersele. Die ander deel van die opleiding van meisies sal bestaan uit huishoudkunde, naaldwerk, breiwerk, alle soorte lapwerk, wasgoed, kookkuns en algemene huislike pligte, eerstehulp en eenvoudige geneeskunde, tesame met algemene huishoudelike gesondheidsmaatreels en sanitasie wat ook 'n plek moet vind in hulle kursusse.

Die matesis behoort eenvoudig en prakties te wees. Dit moet in verband staan met sulke vraagstukke soos die oppervlakte en aanleg van 'n stuk grond; die hoeveelheid saad en aantal plante wat nodig is vir 'n sekere stuk grond; statistieke van vermeerderings van produkte tesame met probleme in verband met vee- en groentebemarking, weerkundige- en ander verslae; die

maak van grafieke en dergelyke eenvoudige toepassings van wiskundige prosesse en uitvindings wat in verband staan met intelligente boerdery.

Die voortsetting van taal- en letterkundige studies is ook van die grootste belang. Albei offisiële tale moet ingesluit word. Die eerste doel moet wees om die kind in staat te stel om vlot te praat en te skryf. „Die analitiese akademiese aspek van taal onder die benaming grammatika saamgevat, moet uitgeskakel word, behalwe waar die korreksie van foute terloops geleentheid daarvoor bied."[1] Letterkunde in beide tale is van die grootste belang, Hier kan die suiwer kulturele aspek ontwikkel word. Daar behoort 'n geskikte biblioteek opgebou te word - nie net letterkundig van aard nie, maar moet ook ander dele van die leerplan insluit soos landbou, handwerk, ens.

Aardrykskunde en geskiedenis behoort 'n vername plek in te neem en altwee vakke moet in breë trekke behandel word met spesiale verwysing na die huidige gebeurtenisse en probleme. Net soos in die geval van die landbouvakke moet die beginsel ook hier wees om die leerling in voeling te laat bly met die werklike lewe, nie so seer om hulle 'n feitekennis te gee nie, as om die gewoonte aan te kweek, om op intelligente wyse, belang te stel in huidige gebeurtenisse.

Die skoolplaas moet 'n kulturele bron wees wat die afgesonderdheid van die plaaslewe teëwerk en terselfdertyd die leerling leer om praktiese vraagstukke met vaardigheid aan te pak.

Hier het ons dan die eerste duidelik omlynde leer-

---

1. T.O.D. Verslag 1937, 153.

plan vir skoolplase deur een van ons vooraanstaande onderwysoutoriteite. Hoewel die leerplan baie eensydig is daar dit te oorheersend landelik wil wees, en die leerplan net tot die plaas en die plaaskind spreek, wil ons dit tog beklemtoon dat hier baie in die leerplan was wat opvoedkundig gesond was. Dit lyk egter of die voorstelle van dr Adamson te vergesog was vir onmiddellike toepassing. Die onderwyskommissie van 1937 sou egter hulle voorstelle vir 'n leerplan vir skoolplase byna woordeliks grond op die aanbevelings van dr. Adamson.

3. <u>Die leerplan van 1944 en wysiging 1945:</u>

Die Onderwyskommissie van 1937[1] beveel aan in sy verslag, gepubliseer in 1939, dat die leerplan van die skoolplase, so na moontlik moet ooreenstem met die van die gevorderde skole (d.w.s. juniorhoërskole) wat betref die twee landstale, geskiedenis, aardrykskunde en rekenkunde. Die omgewing sal landbou, as die oorheersende vak, voorskryf, terwyl die besondere vertakkinge van die landbou, wat beklemtoon moet word, van die aard van die omgewing afhanklik sal wees. Dit omvat skape en skeer van skape, mielies en ander gesaaides, pluimvee, suiwelboerdery, tuinbou, blomme, groente, boordkunde en veeboerdery. Daar word dan ook beklemtoon dat sake wat bykomstig is tot die boerdery byvoorbeeld masjienerie, motors, trollies, metaalwerk, betonwerk, timmermanswerk, messelwerk, houtwerk, loodgietery en huishoudkunde nie verwaarloos moet word nie. Gemeenskaplike sang en liggaamlike onderwys moet 'n plek kry. Die godsdienstige lewe moet die van die ouerlike huis benader. Die komitee voel ook die noodsaaklikheid van praktiese werk,

---

1. Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie 1939-91.

sodat die werklikhede van die boerdery, die hele tyd gesien kan word. Vooruitberekening, wins en verlies, asook die element van vermoeienis moet by die werk intree en alle kinders moet die een of ander aandeel aan die werk hê.

Die ooreenkoms met die voorstelle van dr. Adamson val nie te betwyfel nie. Van hierdie voorstelle sou egter baie min teregkom. Intussen is die skoolplase, wat die leerplan betref alreeds saamgevoeg met die juniorhoër-skole, sodat die leerplan wat verskyn vir die juniorhoërskole sowel as die skoolplase voorgeskryf word.

Die nuwe leerplanne wat in September 1944 verskyn[1] het, bevat slegs voorstelle van leerplanne en word derhalwe ook 'n hele aantal vakke genoem. Dit is opvallend dat hierdie leerplanne met die werk van Standerd VI begin.

(a) Die leerplan vir Standerd VI,[2] omvat 'n groot aantal vakke, omdat dit by uitstek die klas is waarin aanleg vir 'n toekomstige beroepsrigting sover moontlik vasgestel moet word. Die vakke word dan ook in „groepe van vakke" verdeel, om die prestasie van elke leerling, in 'n sekere groep vakke te weerspieël en so die beroepsrigting te bepaal. Die vakke word dan verder verdeel in helejaar-vakke, eerste-halfjaar-vakke en tweede-halfjaar-vakke. Die volgende vakke word vir die helejaar geneem met die tyd per week, wat daaraan bestee mag word:

| | |
|---|---|
| Bybelgeskiedenis | 2½ uur per week. |
| Engels | 4 uur per week. |
| Afrikaans | 4 uur per week. |
| Liggaamsoefening | 1½ uur per week. |
| Sang en musiek | 1 uur per week. |
| Handwerk of huishoudkunde | 2½ uur per week. |

1. Departementele Omsendbrief No.6 van 1944 - 5.
2. Ibid., - 6.

Eerste-halfjaar-vakke:

| | |
|---|---|
| Rekenkunde | 3½ uur per week. |
| Geskiedenis | 1½ uur per week. |
| Kuns of Wetenskap | 1½ uur per week. |
| Gesondheidsleer | 1 uur per week. |

Tweede-halfjaar-vakke:

| | |
|---|---|
| Boekhou | 2 uur per week. |
| Aardrykskunde | 1½ uur per week. |
| Wetenskap of kuns | 1½ uur per week. |
| Eerstehulp | 1 uur per week. |
| Algemene kennis | ½ uur per week. |
| Beroepsvoorligting | 1 uur per week. |

Die kursus kan aangevul word met vakke deur die direkteur goedgekeur. Die leergange vir die jaar_vakke sou dieselfde bly maar vir die halfjaar-vakke moes hoofde hulle eie leergange opstel. Dan word daar 2 uur per week afgestaan vir klubwerk, sodat dit 'n totaal van 25 lesure per week bevat.

Om die beroepsrigting van die leerlinge te bepaal, moes die skoolprestasies in die volgende vier vakgroepe opgesom word.[1)]

Vir die akademiese rigting:

Engels, Afrikaans, rekenkunde, geskiedenis, aardrykskunde, kuns en wetenskap.

Vir die klerklike en handelsrigting:

Engels, Afrikaans, rekenkunde en boekhou.

Vir die tegniese rigting vir seuns:

Rekenkunde, wetenskap, handwerk en algemene kennis.

Vir die algemene en huishoudelike rigting:

Handwerk of huishoudkunde, gesondheidsleer, eerstehulp en algemene kennis.

---

1 Departementele Omsendbrief No.6 van 1944 - 7.

Hierdie gegewens, saam met die spesiale beroepstoetse deur beroepsvoorligters, gegewens op die laerskoolverslagkaart, persoonlike opmerkings van onderwysers, en die wense van die ouers, sou die faktore wees wat die beroepsrigting bepaal.

(b) Die leerplan vir Standerds VII en VIII.[1]

Die leerplan vir Standerds VII en VIII het ook dieselfde indeling gehad as vir Standerd VI maar hier word nou duidelik onderskei tussen die leerplanne vir die drie verskillende rigtings volgens die toetse wat in Standerd VI uitgevoer is.

(i) Klerklike en handelsrigting:

Standerd VII:

Helejaar-vakke:

Bybel, Engels, Afrikaans, boekhou, liggaamsoefening, sang en musiek, handwerk of huishoudkunde

Eerste-halfjaar-vakke:

Handelsrekene, geskiedenis, kuns, gesondheidsleer, algemenekennis.

Tweede-halfjaar-vakke:

Besigheidsmetodes, tikskrif (vir meisies) handelsrekene (vir seuns) eerstehulp, tuisverpleging (vir meisies en handelsaardrykskunde (vir seuns)

Standerd VIII:

Helejaar-vakke:

Bybelgeskiedenis, Engels, Afrikaans, boekhou, liggaamsoefening, sang en musiek, snelskrif (vir meisies) handelsaardrykskunde (vir seuns) tikskrif (vir meisies) handelsrekene (vir seuns).

---

1. Departementele Omsendbrief No.6 van 1944, 8.

Eerste-halfjaar-vakke:

Huishoudkunde (meisies) biologie en algemene wetenskap (seuns) geskiedenis, algemene kennis.

Tweede-halfjaar-vakke:

Tuisverpleging (meisies), algemene wetenskap (seuns) kuns en besigheidsmetodes.

(ii) Tegniese rigting:[1]

Standerd VII:

Helejaar-vakke:

Bybelgeskiedenis, Engels, Afrikaans, liggaamsoefening, sang en musiek, matesis, wetenskap en handwerk.

Eerste-halfjaar-vakke:

Rekenkunde, geskiedenis, praktiese meetkunde en kuns.

Tweede-halfjaar-vakke:

Aardrykskunde, tegniese tekene, ambagsteorie en algemene kennis.

Standerd VIII:

Helejaar-vakke:

Dieselfde as vir Standerd VII maar ambagsteorie word nog bygevoeg.

Eerste-halfjaar-vakke:

Geskiedenis of kuns, tegniese teken.

Tweede-halfjaar-vakke:

Aardrykskunde of praktiese meetkunde en eerstehulp.

(iii) Algemene en Huishoudelike rigting:[2]

Standerd VII:

Helejaar-vakke:

Bybelgeskiedenis, Engels, Afrikaans, liggaamsoefeninge, sang en musiek, handwerk of huishoudkunde.

---

1. Departementele Omsendbrief No.6 van 1954, 10.
2. Ibid., 12.

Eerste-halfjaar-vakke:

Huishoudelike rekenings, geskiedenis, gesondheidsleer en kuns.

Tweede-halfjaar-vakke:

Algemene wetenskap, aardrykskunde, eerstehulp en algemene kennis.

Standerd VIII:

Helejaar-vakke:

Dieselfde as vir Standerd VII.

Eerste-halfjaar-vakke:

Handelsrekene, geskiedenis, moederkunde (meisies) biologie (seuns) eerstehulp.

Tweede-halfjaar-vakke:

Kuns, aardrykskunde, tuisverpleging (meisies) algemene wetenskap (seuns) tuinmaak (blomme), algemene kennis.

Die Departement het dit egter duidelik gestel, dat die leerplan slegs tentatief is en dat kommentaar deur hoofde verwelkom word. Daarna sou die leerplanne deur vakkomitees verwerk word. Dit lyk egter of die Departement in hierdie geval leergange bedoel. Die lesure is aangegee, om by benadering die waarde, wat by elke kursus aan 'n bepaalde vak geheg word, aan te toon. Hoofde kon van die tydindeling afwyk as hulle dit in belang van hulle skool beskou.

Daar word dan ook twee uur per week afgestaan, by al die verskillende kursusse, vir klubwerk wat gekies kon word uit: Rooikruis, musiek, skaak, voordrag, toneel, debat, fotografie, meccano, tuinmaak, posseëls, fyn naaldwerk, kook en bak, Voortrekkers, Scouts, kadette, volkspele, ensovoorts.

(c) Die leerplan van 1945:

In 1945 word die nuwe leerplanne vir skoolplase en juniorhoërskole, alreeds weer verander.[1] en Alhoewel die vakkeuse, vir die nuwe leerplan, nie veel verander het nie, is dit tog anders ingeklee, in die opsig, dat daar met die eksamenvakke, van Standerd VII af deurgehou word tot in Standerd VIII. Die halfjaar-vakke het nog gewissel by die verskillende standerds maar dit word nou byvakke genoem. Die indeling is nou ook verander en kry ons nou vier rigtings in plaas van die drie rigtings van die vorige leerplan naamlik:

Die klerklike en kommersiële rigting.

Die tegniese rigting.

Die huishoudkundige rigting.

Die landboukundige rigting.

Indien dit nodig sou wees om ook 'n ak akademiese rigting te volg, moes die hoof van die betrokke skool 'n leerplan opstel en vir goedkeuring deur bemiddeling van die inspekteur aan die Departement voorlê. Daar word dus in werklikheid in die leerplan nie direk voorsiening gemaak vir 'n akademiese rigting nie.

Daar word ook bygevoeg dat die groot vakkeuse toegelaat word, ten einde skole toe te laat om vir hulle leerlinge vakke te kies wat hulle in 'n mate voorberei op toekomstige werk.

Die vakke word nou verdeel in drie groepe waarvan die eerste groep „verpligtende vakke" waarin nie eksamen gedoen word nie; groep II eksamenvakke en groep III byvakke is. Daar volg dan 'n lys van 39 vakke soos volg:[2]

Groep I:

Gesondheidsonderrig, sang en musiek, liggaamsoefening.

1. Departementele Omsendbrief No.54 van 1945 - 2.
2. Ibid.

Groep II:

Engels hoër, Afrikaans hoër, naturelle taal hoër, Engels laer, Afrikaans laer, Frans, Duits, Latyn, Hebreeus, naturelle tale laer, rekenkunde, matesis, geskiedenis, aardrykskunde, aardrykskunde en geskiedenis (as twee halwe vakke), boekhou en bedryfsleer, algemene natuurwetenskap, gesondheidsleer, landboukunde, kuns, huisvlyt, hout en metaalwerk, musiek, "shorthand" snelskrif, tikskrif, praktiese landbou, verpleging en gesondheid tuis, enige ander vak wat spesiaal deur die direkteur van Onderwys goedgekeur word.

Groep III - Byvakke:

Algemenekennis, meetkunde en teken, populêre wetenskap, biologie, klubaangeleenthede, beroepsvoorligting, enige van die vakke in groep II wat nie reeds al gekies is nie.

Elke leerling, moet onderrig in sewe van die vakke uit groep II, ontvang, die twee offisiële tale, waarvan minstens een in die hoërgraad moet wees, is verpligtend. Daar volg dan 'n lys van vakke vir die verskillende rigtings, maar dit word baie duidelik gestel, dat dit slegs voorgestelde leerplanne is wat verander kan word om aan plaaslike behoeftes te voldoen.

Die voorgestelde leerplanne vir die verskillende rigtings, wat nou baie meer prakties daaruit sien, kom korteliks op die volgende neer:

(i) Klerklike en Kommersiële Kursus:[1)]

Groep I: Vakke wat verpligtend is, maar nie eksamen in gedoen word nie, Standerds VII en VIII.

---

1. Departementele Omsendbrief No.54 van 1945, 4.

Godsdiensonderrig, liggaamlike opvoeding, sang en musiek.

Groep II: Eksamen vakke Standerds VII en VIII.

Eerste taal, tweede taal, boekhou en bedryfsleer, aardrykskunde en geskiedenis, hout- en metaalwerk, of huisvlyt.

Twee vakke van die volgende nl. rekenkunde, "shorthand" en snelskrif, tikskrif.

Groep III: Byvakke:

Eerste-halfjaar-vakke:

Gesondheidsleer, algemene kennis, klubaangeleenthede.

Tweede-halfjaar-vakke:

Kuns, populêre wetenskap of algemene kennis, klubaangeleenthede.

Derde-halfjaar-vakke:

Populêre wetenskap of verpleging en gesondheid tuis, kuns, klubaangeleenthede.

Vierde-halfjaar-vakke:

Beroepsvoorligting, gesondheidsleer, biologie, klubaangeleenthede.

(ii) Tegniese kursus:[1]

Groep 1: Vakke waarin nie eksamen gedoen word nie, maar wat wel verpligtend is. Godsdiensonderrig, liggaamlike opvoeding, sang en musiek.

Groep II: Eksamenvakke - Standerds VII en VIII.

Eerste taal, tweede taal, wiskunde, hout- en metaalwerk, algemene natuurwetenskap, aardrykskunde en geskiedenis, rekenkunde, enige ander vak deur die hoof verkies.

---

1. Departementele Omsendbrief No.54 van 1945, 5.

Groep III: Byvakke.

Eerste-Halfjaar-vakke:

Meetkundige teken of kuns, klubaangeleenthede, gesondheidsleer.

Tweede-halfjaar-vakke:

Meetkundige teken of kuns, algemene kennis, klubaangeleenthede.

Derde-halfjaar-vakke:

Meetkundige teken of kuns, algemene kennis en klubaangeleenthede.

Vierdie-halfjaar-vakke:

Gesondheidsleer of biologie, beroepsvoorligting, klubaangeleenthede.

(iii) Huishoudkundige Kursus:[1)]

Groep I - Vakke waarin nie eksamen gedoen word nie maar wat wel verpligtend is.

Godsdiensonderrig, liggaamlike opvoeding, sang en musiek.

Groep II - Eksamenvakke, Standerds VII en VIII.

Eerste taal, tweede taal, hout en metaalwerk, of huisvlyt, gesondheidsleer of verpleging en gesondheid tuis, aardrykskunde en geskiedenis, kuns of musiek, rekene of boekhou en bedryfsleer, enige ander vak deur die hoof gekies.

Groep III - Byvakke:

Eerste-halfjaar-vakke:

Liggaamlike opvoeding, of biologie, algemene kennis, klubaangeleenthede.

Tweede-halfjaar-vakke:

Liggaamlike opvoeding of biologie, algemene kennis en klubaangeleenthede.

---

1. Departementele Omsendbrief No.54 van 1945, 6-7.

Derde-halfjaar-vakke:

Kuns of verpleging en gesondheid tuis, beroepsvoorligting en klubaangeleenthede.

Vierde-halfjaar-vakke:

Kuns of tuisverpleging en gesondheidsleer, beroepsvoorligting en klubaangeleenthede.

(iv) Landboukundige Kursus:[1])

Groep I - Verpligtende vakke waarin nie eksamen gedoen word nie.

Godsdiensonderrig, liggaamlike opvoeding, sang en musiek.

Groep II - Eksamenvakke.

Eerste taal, tweede taal, landboukunde, aardrykskunde en geskiedenis, praktiese landbou, boekhou en bedryfsleer, hout- en metaalwerk, enige ander vak wat die hoof verkies.

Groep III:

Eerste-halfjaar-vakke:

Klubaangeleenthede, algemene kennis, gesondheidsleer.

Tweede-halfjaar-vakke:

Klubaangeleenthede, algemene kennis, beroepsvoorligting.

Derde-halfjaar-vakke:

Klubaangeleenthede, populêre wetenskap, gesondheidsleer of biologie.

Vierdie-halfjaar-vakke:

Klubaangeleenthede, populêre wetenskap, gesondheidsleer of biologie.

Hier het ons dan nou die leerplan, wat 'n wye veld moes dek, om leerlinge, watter aanleg hulle ook mag hê, ten volle te onderrig in die bepaalde rigting. Dit

---

1. Departementele Omsendbrief No.6 van 1946.

moes dan die beste voorsiening maak in hulle liggaamlike en geestelike behoeftes, sodat hulle, hul redelik goed aan die maatskaplike lewe sal kan aanpas. Dit moes dan 'n skakel vorm tussen die laerskool en daardie soort beroepe, waarvoor gewoonlik die Standerd VIII - onderwyspeil as voldoende beskou word. Hulle moes voldoende kennis, aanpassingsvermoë en selfvertroue besit om selfstandig die lewenspad te begin.

Die skoolplaashoofde het egter, nadat hierdie leerplanne verskyn het, nog bly vashou aan die akkademiese rigting, om sodoende te kan aanpas by die bestaande hoërskole. Die volgende vakke, naamlik wiskunde, rekenkunde, en algemene wetenskap[1] is nog deur al die skoolplase aangebied. Hoewel van die vaardigheidsvakke soos houtwerk en huishoudkunde wel toegelaat was, en daar 'n sekere mate van kommersiële opleiding was deurdat tikskrif en snelskrif ingevoeg is, kry ons nie een skoolplaas waar die voorgeskrewe vier rigtings duidelik afgebaken kon word nie.

In die nuwe beleid vir middelbare onderwys van die Transvaalse Onderwysdepartement in 1950 gepubliseer,[2] word verklaar dat die rigtings uiteengesit in die omsendbrief van 1946,[3] gevolg moet word. Die kursusse sal waar nodig gewysig en uitgebrei word om leergange vir Standerds IX en X aan te bied. Die rigtings wat nie die tradisionele-akademiese is nie, sal praktiese rigtings genoem word.

Die vyfjarige handelskursusse, wat tot die eindsertifikaat en vrystelling van matrikulasie lei, soos

---

1. Eie Ondersoek - Sien bylae.
2. Omsendbrief No.58 van 1950 - 2.
3. Departementele Omsendbrief No.1 van 1946, 2 en 54 van 1945, 1-7.

tans deur tegniesekolleges en hoërhandelskole aangebied word, kan ook ingevoer word. Sulke kursusse sal dan die volgende vakke omvat tw.

Die twee offisiële tale, wiskunde, ekonomiese aardrykskunde of ekonomie, snelskrif-tikskrif, boekhou en handelsrekene, handel en handelsreg.

Drie skoolplase kon die akademiese kursus tot Standerd X volg met praktiese kursusse by soos die landboukundige of kommersiële en klerklike rigtings. Drie skoolplase is toegelaat om praktiese kursusse tot Standerd X in die landboukundige rigting aan te bied, maar geen akademiese kursus na Standerd VIII nie.